**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **BEGRIP** | **(30)** |
| **AFDELING B:** | **TAAL** | **(50)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE AFDELING op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar met 'n swart of blou pen.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

**STERKTE!!!**

**AFDELING A: BEGRIP**

VRAAG 1: ARTIKEL
Lees die artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**2 seeskilpaaie swem duisende kilometers ná rehabilitasie**
Jackie Kruger



1 Twee seeskilpaaie wat vrygelaat (*released*) is nadat hulle by die Twee Oseane-akwarium in Kaapstad gerehabiliteer is, lyk of hulle hul vryheid (*freedom*) baie geniet, met albei wat reeds duisende kilometers geswem het.

2 Volgens inligting van die Twee Oseane-akwariumstigting se skilpadbewaringsentrum (*turtle conservation centre*) is die seeskilpad, Pan, op 16 Julie verlede jaar sowat 80km uit die see by Houtbaai vrygelaat. In ‘n jaar en ‘n half se tyd het hy reeds 11 468km ver geswem. Die ander seeskilpad, Turbo, is in Desember 2022 naby Kaappunt vrygelaat en het reeds 9139km geswem.

3 Talitha Noble, bewarings bestuurder van die Twee Oseane-akwariumstigting se skilpadbewaringsentrum, sê die gerehabiliteerde skilpad wat die verste nog geswem het, is die seeskilpad Yoshi.

4 Yoshi is nie net die akwarium se rekordhouer nie, maar hou ook die wêreldrekord vir die seedier wat nog die langste gevolg (*followed*) is.

5 “Yoshi het 4011km oor 1003 dae geswem, eers in die rigting van Angola, toe weer af en oor die Indiese Oseaankom na Noord-Australië,” sê Noble.

6 Yoshi is in 2017 by Kaappunt vrygelaat nadat sy twee dekades vantevore (*before*) deur ‘n Japanese vissersboot gered en in die sorg van die akwarium geplaas is. In Oktober 2020 het Netwerk24 berig die opsporingstoestel (*tracking equipment*) waarmee Yoshi gemonitor is, het die einde van sy leeftyd bereik en mense sal haar nie meer kan volg nie.

7 Volgens ‘n verklaring (*report*) van die skilpadbewaringsentrum het Pan, ‘n karetskilpad, se rehabilitasie in 2019 begin toe hy slegs 49kg geweeg het.

8 Pan, saam met die skilpaaie Donny en Caddy, was die eerste jong karetskilpaaie van plaaslike (*local*) seewaters wat met satelliet gevolg kon word.

9 Caddy en Donny se toestelle het opgehou om seine uit te stuur, terwyl Pan hom steeds aan die Weskus bevind. Volgens die sentrum verken hy die seewater wat 4km diep is en het hy reeds 2896 satellietuitsendings (*satelite signals*) uitgestuur.

10 Tans (*currently*) is Pan amper 550km van die Namibiese kuslyn, sowat 800km noord van die grens. Die see is kalm daar, die oppervlakstrome (*surface currents*) minimaal en die temperatuur 20°C, volgens die verklaring.

11 Turbo, ‘n groenseeskilpad, is in September 2021 by die De Hoop Natuurreservaat gered. Hy het toe 11.8kg geweeg. Turbo het onder meer plastiek ingekry (*ingested*), maar het redelik vinnig herstel (*recover*).

12 In die eerste paar maande ná sy vrylating in Desember 2022 het Turbo redelik baie tyd in die gebied van die Weskus Nasionale Park spandeer, wat verskeie mariene beskermde gebiede insluit. Hy het later by die Hondeklipbaai binneland toe gekom en toe ‘n paar weke lank stadig suid beweeg.

13 Volgens die verklaring het hy die afgelope vyf weke ‘n reguit pad in ‘n Noordelike rigting begin volg. Tans is Turbo 170km van die kuslyn van Lüderitz in die suidweste van Namibië en 370km nader aan die kus as Pan.

[Verwerk uit *Netwerk24.com*, 23 November 2023]

1.1 Watter akwarium in Kaapstad het vir die skilpaaie gesorg? (1)

1.2 Haal EEN WOORD in paragraaf 1 aan wat sê hoe die skilpaaie oor hulle vryheid voel. (1)

1.3 Hulle het Pan nie op die strand vrygelaat nie.

Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat sê dit is WAAR. (1)

1.4 Hoe lank het dit Pan gevat om 11 468km te swem? (1)

1.5 Wie is Talitha Noble? Gee haar VOLLE beroep (*occupation*). (1)

1.6 Noem EEN rekord wat Yoshi hou. (1)

1.7 Yoshi was in die akwarium omdat iemand haar gevang het.

Haal VYF OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat sê dit is ONWAAR. (1)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf NET die vraagnommer en LETTER neer.

Volgens paragraaf 6, het Yoshi se opsporingstoestel “die einde van sy leeftyd bereik”. Dit beteken…

A die skilpad is dood.
B die toestel werk nie meer nie.
C die toestel is gesteel.
D die skilpad het verdwaal. (1)

1.9 In watter jaar het Pan se rehabilitasie begin? (1)

1.10 Watter tipe seeskilpad is Pan, Caddy en Donny? (1)

1.11 Weet ons waar Caddy en Donny is? Sê JA of NEE en haal ‘n SINSNEDE aan om jou antwoord te bewys. (1)

1.12 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat Pan in paragraaf 9 gedoen het, nadat hy vrygelaat is. (1)

1.13 Hoe warm is die see aan die Namibiese kuslyn? (1)

1.14 Kies die regte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en WOORD neer.

Turbo was siek omdat hy plastiek (geëet / gevind) het. (1)

1.15 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat vir ons sê dat Turbo nie lank siek was nie. (1)

1.16 Kies die inligting oor Turbo in KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 16.1 Kaappunt | A Turbo spandeer baie tyd hier. |
| 16.2 De Hoop Natuurreservaat | B Turbo is hier gebore. |
| 16.3 Weskus Nasionale Park | C Turbo is hier gevind. |
| | D Turbo is hier naby vrygelaat. |

(3x1) (3)

1.17 Hoe, dink jy, voel die skilpaaie wanneer hulle vrygelaat is? Skryf ‘n EMOSIE as antwoord neer. (1)


1.18 Dink jy die mense by die skilpadbewaringsentrum doen goeie werk? Sê JA of NEE en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

1.19 Dink jy dit is nodig (*necessary*) om skilpaaie met satelliete te volg? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

**(21)**

VRAAG 2: GRAFIEK

Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




2.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf NET die vraagnommer en LETTER neer.

In die titel, beteken "ver en wyd geswem" dat die skilpaaie…

A stadig geswem het.
B moeg geword het.
C nie daarvan gehou het nie.
D baie rondgeswem het. (1)

2.2 Pan het al verder as Turbo geswem.

Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

2.3 Noem EEN PROVINSIE waarlangs die twee skilpaaie geswem het. (1)

2.4 Langs watter TWEE LANDE (*countries*) het die twee skilpaaie geswem? (2)

2.5 Noem die oseaan waarin die twee skilpaaie swem. (1)

2.6 Wat wys die lyntjies op die prent vir ons? (1)


2.7 Kies die regte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en WOORD neer.

Al swem die skilpaaie baie rond, beweeg hulle meestal (oos / noord). (1)

2.8 Vind jy hierdie prent interessant? Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
**(9)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: TAAL**
**Sinstrukture:**



[Bron: *Google.com*]

VRAAG 3
Skryf die volgende sinne in die korrekte WOORDORDE.

3.1 (wil) (vandag) (in die woud) (sien) (Leeu) (al die diere). (1)

3.2 (nou) (Seekoei) (is) (om hier te wees) (opgewonde). (1)

3.3 (in die boom) (Kameelperd) (die blare) (wil) (eet). (1)

3.4 (gelag) (het) (hard) (Renoster). (1)

VRAAG 4
Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD.

4.1 Papegaai sit hoog in die boom. (1)

4.2 Seekoei vertel ‘n snaakse grappie. (1)

4.3 Die diere moet vir Leeu luister. (1)

4.4 Leeu sit en praat met die diere. (1)

VRAAG 5
Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD.

5.1 Almal is bang vir Leeu. (1)

5.2 Die diere hou van Leeu se praatjie. (1)

5.3 Sebra gesels met Kameelperd. (1)

5.4 Luiperd het baie kolle. (1)

VRAAG 6
Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

6.1 Leeu hou vergadering. Al die diere is daar. (en) (1)

6.2 Papegaai sit hoog in die boom. Hy kan alles sien. (dus) (1)

6.3 Sebra is bang. Luiperd lyk honger. (omdat) (1)

6.4 Seekoei het grappies gemaak. Leeu het met hulle gepraat. (terwyl) (1)

6.5 Almal luister vir Leeu. Hulle gaan huis toe. (dan) (1)

VRAAG 7
Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNING / NEGATIEF.

7.1 Leeu is die sterkste dier in die woud. (1)

7.2 Daar is êrens ‘n aap in die prent. (1)

7.3 Renoster hou van Seekoei se grappies. (1)

7.4 Kameelperd luister aandagtig na Leeu. (1)

7.5 Leeu is al klaar met die vergadering. (1)
**(22)**

**Woordstrukture:**
**LET WEL: Skryf by woordstrukture SLEGS die WOORD as antwoord neer. NIE die hele sin NIE!**




[bron: Google.com]

VRAAG 8
Gee die MEERVOUD van die woorde tussen hakies.

8.1 Al die (seun) is opgewonde oor skool. (1)

8.2 Die kinders mag nie in enige van die (boom) klim nie. (1)

8.3 Op die eerste dag van skool word daar baie (foto) geneem. (1)

8.4 Die kinders leer by die skool hoe om (brief) te skryf. (1)

VRAAG 9
Gee die VERKLEINWOORD van die woorde tussen hakies.

9.1 Elke kind het ‘n beste (maat) by die skool. (1)

9.2 Daar is altyd iemand wat in die klas ‘n klein (vraag) wil vra. (1)

9.3 Die juffrou moet elke kind se ou (naam) leer. (1)

9.4 Die juffrou het ‘n oulike (stoel) om op te sit. (1)

VRAAG 10
Skryf die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woorde tussen hakies neer.

10.1 Die kind se (vader) tel hom by die skool op. (1)

10.2 My (niggie) is ook in my klas. (1)

10.3 Almal is mal oor die gawe (onderwyser). (1)

10.4 My (tannie) is ‘n onderwyser by die skool. (1)

VRAAG 11
Kies elke keer die korrekte VOORSETSEL.

11.1 Die kinders het (op / met / by) die skool aangekom. (1)

11.2 Ek is lief (vir / op / met) my juffrou. (1)

11.3 Niemand hou (te / in / van) huiswerk nie. (1)

11.4 Die kinders hardloop (per / om / met) die boom. (1)

VRAAG 12
Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in.

12.1 Die meisie doen elke aand … huiswerk. (1)

12.2 Juffrou wil hê die kinders moet … werk in die klas doen. (1)

12.3 Ek speel saam met … vriende by die skool. (1)

12.4 Die seun wil nie vir … toets leer nie. (1)

VRAAG 13
Skryf die korrekte DIEREGELUID vir elk van die diere neer.

13.1 Die seun se <u>hond</u> … vir hom as hy by die huis kom. (1)

13.2 Daar is <u>koeie</u> wat … in die veld. (1)

13.3 'n <u>By</u> … in die klas rond. (1)

13.4 Die meisies klink soos 'n klomp <u>henne</u> wat … . (1)

VRAAG 14
Kies die korrekte VRAAGWOORD om die sin te voltooi. Die antwoord is gegee om jou te help.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar | Wie | Hoekom | Waarmee |
| Wat | Waarvandaan | Hoe laat | Hoeveel |

14.1 … kinders is in die klas? *25 kinders.* (1)

14.2 … moet die kinders skryf? *Met 'n potlood*. (1)

14.3 … begin skool in die oggend? *Om halfagt.* (1)

14.4 … sit die graad agts pouse? Op die veld. (1)
**(28)**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 80**